# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

23 November 2025




041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325





**Baie welkom** by vanoggend se erediens en in **besonder welkom** aan die **18 jongmense** wat vandag met liefde en moed hul **geloofsverbintenis tot God** en Sy geloofsgemeenskap kom bevestig.


Danté Bojanic


Hanro Botes


Simon Cornelius



Georgia Gouws


Kaidin Kretzmann


Loghan Moolman


Dianna Nortje


Kayleigh Pieters



Adriaan Snyders


Tiaan Riekert


Hannes van Heerden


Anke van Loggerenberg


Moné van Loggerenberg


Waldu van Loggerenberg


Arno van Tonder


Mia Vermaak


Janke Victor


Natasha Vosloo

# Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel

Vandag vier ons saam die geloofsverbintenis van 18 jongmense wat kies om hul wortels in Christus te plant en deel te wees van 'n groter geloofsfamilie.

*Deurkollekte: Bybelverspreiding*




# Program van die week

Maandag: 24 November 2025

- 10:00 Gebedsaksie

Donderdag: 27 November 2025

- 19:00 Kerkraadsvergadering

Vrydag: 28 November 2025

- 05:15 Mannebediening
- 18:00 Kerkraadsafsluiting

Sondag 30 November 2025

- 09:00 Nagmaal

Indien jy vandag vir die eerste keer saam met die *Hoogland Geloofsfamilie* kuier, is dit lekker om vir JOU te sê:

*Baie welkom!*

# Dankoffers

Snap here to pay

SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

# Hulp vir Noodspens

Met Kerstyd wat naderkom, dink ons aan die mense naby ons vir wié hierdie tyd soms 'n bietjie swaarder voel.

As jy dalk iets het om saam te bring - *'n blikkie kos, pap, pasta, sop of enige item wat lank hou* - help dit ons om hierdie seisoen vir iemand 'n bietjie ligter en warmer te maak.

Dankie dat ons as geloofsfamilie mekaar op só sagte, liefdevolle maniere kan dra.

# Matriekklas van 2025

Hoogland dink steeds aan julle terwyl julle die laaste vakke aanpak. Julle is byna daar - nog 'n paar vraestelle, nog 'n paar oggende... en dan wag 'n welverdiende rus. Ons bid vir helder koppe, rustige harte en hoop wat hou tot die einde. Hou moed - die eindstreep is reg voor julle.

# Kom ons kry weer vir Eric op die pad ...



Eric, ons algemene werker, met sy rustige teenwoordigheid en die sorg waarmee hy dag ná dag Hoogland se terrein netjies hou, het hierdie week hulp nodig. Op pad werk toe is hy beroof van sy fiets - sy enigste vervoer.

As jy dalk 'n fiets het wat nie meer gebruik word nie, of graag 'n bydrae wil maak, kontak gerus die kerkkantoor. Dankie dat ons saam, deur liefde in dade, hoop kan bring waar dit nodig is.

## Divorce Care @ Hoogland


As hierdie jaar vir jou die pynlike pad van egskeiding gebring het en jy wonder hoe jy deur die Feestyd gaan kom... kom kuier saam en kry hoop by:

**Surviving the Holidays**

**25 November om 18:30**

**R100 (boekie & koffie ingesluit)**

Stuur 'n *WhatsApp* aan Aletheia 082 227 7105 teen 23 November om jou plek te bespreek.




## Seisoen van Gee @ Hoogland



Hierdie Kersseisoen wil Hoogland graag iets besonders doen: die harte van bejaardes wat dalk hierdie Kersfees alleen is en die versorgers van Eluthandweni, met iets lekker bederf.

Elkeen word genooi om deel te word van hierdie mooi gebaar. Wanneer jy jou Kers-inkopies doen, koop sommer 'n ekstra *bederfie* en gee dit af by die Kantoor of Sondae by Gemeentedienste. Jou klein bydrae kan 'n groot glimlag bring!

Hoogland maak graag hierdie bederfpakkies op met:

- Pakke / bokse koekies of tuisgebakte koekies
- Lekker beskuit - gekoop of tuisgebak
- Lekkernye - dalk 'n pak *All Sorts* of *Winegums* of selfs 'n baksel *fudge*
- Sjokolades - sommer 'n groot *slab* sjokolade om te geniet
- Droë vrugte / vrugterolle / ens
- Aanmaak koeldrank / sap

As jy weet van 'n bejaarde wat hierdie Kersseisoen alleen gaan wees, laat weet asseblief die Kantoor. Laat geloof deur liefde dade word van liefde tydens hierdie Feesseisoen.



- Skakel die Kantoor
- Stuur 'n *WhatsApp* met "Seisoen van Gee" en die persoon se naam, kontak-nommer en adres
- Of voltooi die vorm by Gemeentedienste

## Uit Hoogland se Hart ...

